**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 7 FEBRUARIE 2012 OM 14:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 1/2012**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met 'n gebed geopen deur George Nezar, waarna al die lede welkom geheet word.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Buks Pieterse | Voorsitter | Bewarea |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Deon Hoon | | Reebok |
| Frik Nel | | Reebokhoogte |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Leon Kruger | | Reebokrif |
| Terrie Terblanche | | Riverside |
| Des Muller | | Riverside |
| Dawid Erasmus | | Tergniet |
| Anton Dellemijn | | Tergniet |
| George Nezar | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Mike Wray | | Tergniethoogte |
| Martin Smith | Notuleerder | Fraaiuitsig |
| Dorothy Barnard | Sekretaris en Tesourier | |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 |
| Vanrenen van der Westhuizen | Munisipaliteit |
| Frans de Graaff | Munisipaliteit |
| Pieter Myburgh | Munisipaliteit |
| Altus | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 | |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Jaco Hefer | | Reebokrif |

## 3. VOORSTEL VAN NUWE LEDE

Voorsitter verwelkom die nuwe lede naamlik Deon Hoon – Reebok, Des Muller (Riverside) en Anton Dellemijn (Tergniet).

## 4. VERKIESING VAN NUWE UITVOERENDE BESTUUR

Uitvoerende bestuur word herverkies.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **5.** | **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING** | |
| | Goedgekeur na volgende regstelling: | |
| | Item 5.6 – Moet lees "gepraat" en nie "gepreet" nie. | |
| | Notule aanvaar sonder enige verdere wysigings. Voorgestel en gesekondeer deur mnre Frik Nel en Mike Wray. | |
| **6.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **6.1** | **Vakansie seisoen - Nabetragting** | |
| | Die volgende probleme is waargeneem: | |
| | (a) Aflaaipunte vir vullissakke nie beskikbaar nie<br>(b) Tydelike toilette moet meer gereeld gediens word; en<br>(c) Geen toilette beskikbaar by sekere punte in Riverside nie. | |
| **6.2** | **Spuit van gif op onkruid** | |
| | Dit blyk dat daar nog nie begin is met die spuit van gif op onkruid nie. Die vergadering neem kennis dat begin is met aanbring van randstene op sekere plekke in Reebok. Haal af. | |
| **6.3** | **Strandbeheer** | |
| | Die Vereniging moet voorstel watter gedeeltes van die strand beskikbaar kan wees vir eienaars om met hul honde te gaan stap. Ons sal ook in die toekoms moet kyk na plekke waar gehengel kan word om konflik tussen die hengelaars en swemmers te voorkom. Hierdie voorstelle kan ons aan die Munisipaliteit deurstuur. | Lede<br>6 Maart 2012 |
| **6.4** | **Riool ventillasieklep in Elandstraat, Reebok** | |
| | Slegte reuke kom voor gedurende die uitpomp van tenks. Haal af. | |
| **6.5** | **Afskeid: Piet du Plessis** | |
| | Brief van dank vir bydrae wat hy gelewer het. Haal af. | Dorothy |
| **6.6** | **Aksieplan: Afvuur van klappers** | |
| | Nog steeds 'n probleem gedurende die vakansieseisoen en is die gevoel dat sekere gebiede beskikbaar gestel moet word vir die afvuur van klappers. Lede moet insette lewer. Buurtwag sal ons ondersteun en moet ons dit aan die Munisipaliteit vir goedkeuring deurstuur. | Lede<br>6 Maart 2012 |
| **6.7** | **Kontakbesonderhede van erf eienaars** | |
| | Die Vereniging beskik nie oor die nodige data om met eienaars in verbinding te tree nie. Die Munisipaliteit mag nie die inligting beskikbaar stel nie. Die Vereniging moet 'n formele versoek rig en regsadvies inwin om te bepaal of dit enigsins moontlik is om die inligting te bekom. | Dorothy / Buks |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **6.8** | **Vernietiging van plantegroei**<br><br>Die oortreding het voorgekom op grond wat aan die Munisipaliteit behoort. Frans meld dat aan die saak gewerk word en dat persoon wat dit veroorsaak het sy samewerking gee om plantegroei te herstel. Haal af. | |
| **6.9** | **Hersonering van plase 1316 en 309 – Groot-brakrivier**<br><br>Aansoek ingedien aangesien 'n aftreeoord daar beoog word. Dawid bevraagteken die wenslikheid van so 'n ontwikkeling siende dat daar so baie erwe nog is waarop gebou moet word. George meld dat dit baie betroubare ontwikkelaars is en dat daar 'n aanvraag is vir die tipe behuising. Haal af. | |
| **6.10** | **Powertown**<br><br>Die struktuur (kleuterskool) waaroor navraag gedoen word, is deur Eden Munisipaliteit opgerig maar is beslis nie van 'n permanente aard nie. Haal af. | |
| **6.11** | **Onwettige deurgange na strate**<br><br>Dit is die eienaar se verantwoordelikheid om die nodige te doen. Indien 'n klagte ingedien word sal die Verkeersdepartement optree. Haal af. | |
| **6.12** | **Konstitusie – Bewoording**<br><br>Dorothy meld dat die wysiging aangebring is. Haal af. | |
| **6.13** | **Onaanvaarbare strukture**<br><br>Frans meld dat sulke gevalle deur 'n lang regsproses gaan voordat opgetree word. Die eiendom in Kaaimanslaan word deur die Munisipaliteit se regsafdeling hanteer. 'n Plan is ingedien ten opsigte van die eiendom in Koraalsingel en die een in Noordsiglaan is 'n welsynsgeval en word as sulks deur die Munisipaliteit hanteer. Haal af. | |
| **6.14** | **Afskeid: Vanrenen**<br><br>Groot dank vir die wonderlike diens wat hy gelewer het en dat hy altyd bereid was om te help. Haal af. | |
| **7.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DESEMBER 2011** | |
| **7.1** | **Erf 271 – Reebok**<br><br>Gibo deel die vergadering mee dat die grond aan Eden behoort en dat verkoopsprys na hulle sal gaan. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| 7.2 | **Hersonering van landbougrond** | |
| | Nog geen beslissing is geneem nie. Staan oor. | |
| 7.3 | **Sypaadjie en eilande in Impalaweg** | |
| | Ons moet ons insette na Pieter Myburgh en die Verkeersafdeling stuur. | Dorothy / Buks |
| 7.4 | **Versperring van sig by uitgange na R102** | |
| | Sal heeltyd gemonitor moet word. Ons moet versoek rig dat Wildeperske uitgang skoongemaak word en dat aandag gegee word aan vragmotors wat by kruising regoor Leani Kwekery parkeer en uitgang versper. | Dorothy / Buks |
| 7.5 | **Vervanging van oorhoofse drade met ondergrondse kabels** | |
| | Die gevoel is dat terwyl aan Kusweg gewerk word, dit oorweeg moet word om kabels terselfdertyd te lê. | Pieter Myburgh |
| 7.6 | **Skoonmaak van erf 377 – Klein-Brakrivier** | |
| | Die eienaar kan nie gedwing word om dit te doen nie aangesien die duin beskadig sal word. Dit sal egter baie help indien die sypaadjie skoongehou kan word. Haal af. | |
| 7.7 | **Rooipitjie struike in Kusweg 47 en paadjies teen duin af wat erosie veroorsaak** | |
| | Vereniging kan vra dat plantegroei beheer word. Dit blyk dat die hele aangeleentheid versigtig hanteer moet word en oor wie verantwoordelik is vir die paadjies. | Dorothy / Buks |
| 7.8 | **Hengel op swemstrand** | |
| | Sien Item 6.3 | |
| 7.9 | **Wysiging van Konstitusie** | |
| | Afgehandel onder Item 6.12. Haal af. | |
| 8. | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| 8.1 | **Opgradering van Kusweg - Vorderingsverslag** | |
| | Pieter Myburgh gee 'n oorsig van werk reeds voltooi. Behoort teen April tot by Hooperstraat voltooi te wees. Daar is verdere fondse begroot vir die komende finansiële jaar en vorderingsverslae sal beskikbaar wees. Omgewingsdeskundiges is betrokke om te reël dat plantegroei herstel word. Buks doen navraag oor die lê van pype vir riool terwyl hulle besig is met Kusweg. Gibo stel voor dat ons mnr Louw vra om vergadering toe te spreek oor vordering gemaak met beoogde rioleringstelsel in die gebied. | Dorothy / Buks |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Charl de Wet versoek Pieter om te gaan kyk na klippe wat oopgespoel het en dat 'n poging aangewend word om dit te verwyder. | Pieter Myburgh |
| **8.2** | **Opgradering van R102** | |
| | Sal probleme monitor en dit deurgee aan die Provinsiale Owerhede. | Buks |
| **8.3** | **Opgradering en skoonmaak van die Midbrakgebied - deurlopend** | |
| | Geskied op 'n deurlopende basis. Geen groot probleme waarvan ons bewus is nie. | |
| **8.4** | **Vordering ten opsigte van Erf 271: Soneringsverandering na "ope publieke area"** | |
| | Sien punt 7.1. | Buks |
| **8.5** | **Opknapping van tennisbane – Klein-Brakrivier en opruiming van bane in Reebok** | |
| | Nog geen duidelikheid aan wie die grond behoort waar Kleinbrak tennisbane geleë is nie. Die saak word tans deur die Munisipaliteit se regsafdeling ondersoek. Die tennisbane in Reebok moet so gou as moontlik afgebreek word aangesien dit tans ongewenste elemente lok. Vanrenen sal dit reël. | Vanrenen |
| **8.6** | **Knock 'n Drop** | |
| | Nie meer bedrywig nie. Haal af. | |
| **8.7** | **Waterplan – Kommunikasie deur die Munisipaliteit aan publiek** | |
| | Dorothy verwys na korrespondensie met die Munisipaliteit. Dit blyk dat daar 'n misverstand is oor wat ons presies verlang. Die gevoel is dat die waterplan aan die publiek gekommunikeer moet word. Ons moet mnr Nico Liebenberg per brief uitnooi om ons te kom toespreek. | Dorothy / Buks |
| **8.8** | **Riverside park sluiting** | |
| | Fondse sal aangevra word op die aanvullende begroting om die nodige te doen. Haal af. | Buks |
| **8.9** | **Argifering** | |
| | Ons is nog steeds op soek na 'n kas. | Buks |
| **8.10** | **Stopstrate in Impalaweg** | |
| | Nog steeds 'n probleem. Ons sal dit via wykskomitees aanspreek en ook voorstel dat stoptekens vervang word met toegeetekens. | Dorothy / Buks |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **8.11** | **Casa Grande – Versiering van oop grond** | |
| | Sal op begroting geplaas word. Haal af. | Buks |
| **9.** | **PROJEKTE** | |
| **9.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Ons kan niks doen aan spoedhobbels nie. Haal af. | |
| | Sien Item 8.10 oor verkeerstekens. Ander sake word deurlopend gemonitor. | Frik |
| **9.2** | **Skoonmaak van erwe – deurlopend** | |
| | Ontbossing van erwe in Reebokrif wat nie verkoop is nie skep probleme. Reebokrif inwoners moet saamstaan en druk uitoefen dat erwe skoongemaak word. Buks sal dit opvolg. Haal af. | Buks |
| **9.3** | **Rampbestuur** | |
| | Min vordering is gemaak aangesien dit moeilik is om met Eden te skakel. Gibo sal mnr Otto kontak sodat planne weer op dreef kan kom. | Charl/Terrie/ Gibo |
| **10.** | **FINANSIES** | |
| | Saldo R19 418 insluitende kontant van R2 116. Die vergadering besluit dat handtekenmagte onveranderd bly. | Dorothy |
| **11.** | **POLISIëRING** | |
| | Volgens Terrie was daar heelwat inbrake die afgelope tyd, en is die SA Polisiediens van mening dat Mosambiekers betrokke is. Hulle sal in samewerking met die buurtwag probeer vasstel watter roetes hul gebruik. | Terrie |
| **12.** | **BEWAREA** | |
| | Permanente persoon het begin met werksaamhede. Sake vorder bevredigend en aandag word gegee aan die oprig van 'n sentrale punt vir inligting, sodat dit die grootste moontlike inslag sal hê. | Buks |
| **13.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **13.1** | **Fraaiuitsig** | **Charl / Martin** |
| | Monitering van spoedoortreders in Robertsonlaan. | |
| ***13.1.1*** | ***Obstruksies op sypaadjies*** | |
| | Charl sal 'n skrywe opstel na aanleiding van mnr Viljoen se skrywe. | Charl |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **13.2** | **Kleinbrak** | **Charl / Pieter** |
| | Honde en klippe op strand. Reeds bespreek. | |
| **13.3** | **Reebok** | **Deon** |
| | Hoë spoed wat irritasies veroorsaak. | |
| ***13.3.1*** | ***Ontbossing van sypaadjies*** | |
| | Geen verslag. Kallie afwesig (obstruksie in Gordonialaan). | Kallie |
| **13.4** | **Reebokhoogte** | **Frik / Kruger** |
| | Geen probleme nie. | |
| **13.5** | **Reebokrif** | **Leon / Jaco** |
| | Navraag oor die aanbring van 'n spieël om verkeer meer sigbaar te maak. Dit sal egter nie koste doeltreffend wees nie. | |
| **13.6** | **Riverside** | **Terrie/Des** |
| | Grootste probleem tans die instort van rivierwal. | |
| ***13.6.1*** | ***Obstruksie wat vloei van water verhinder*** | |
| | Wag nog op Eden se verslag. | Buks |
| ***13.6.2*** | ***Uitkalwing van rivierbank by Riverside*** | |
| | Sien Item 8.8. Haal af. | |
| **13.7** | **Tergniet** | **Dawid** |
| | Geen ernstige probleme, behalwe paadjies na see wat aandag nodig het. | |
| **13.8** | **Tergniethoogte** | George/Mike |
| | Ontbossing erf h/v Impala en Seekat deurgegee aan Dawid. | |
| **14.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| **14.1 – 14.6** | Afgehandel. | |
| **14.7** | Charl sal nuwe skrywe rig. Sien ook 13.1.1 | Charl Coetzer |
| **15.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Die volgende vergadering sal plaasvind op Dinsdag, 6 Maart 2012 – 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **16.** | **VERDAGING**<br><br>MARTIN SMITH<br>**NOTULEERDER**<br><br>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 2/2012 GEHOU OP 6 MAART 2012.<br><br>BUKS PIETERSE<br>**VOORSITTER** | |